## HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied ‘n samevatting van die doel van die ondersoek en dui aan hoe die navorsingsplan hierdie doel verwesenlik het. Verder word spesifieke aanbevelings gemaak met betrekking tot die daarstelling van ‘n hofvoorbereidingsprogram binne die Gestaltbenadering vir die kind wat onsedelik aangerand is.

### 6.2 SAMEVATTING VAN DIE NAVORSING

#### 6.2.1 Die doel van die studie

Die doel van die studie was om, vanuit die Gestaltbenadering, ‘n hofvoorbereidingsprogram daar te stel vir die kind wat onsedelik aangerand is.

#### 6.2.2 Doelwitte van die studie

Die studie het die volgende doelwitte gehad:

- Om die Gestaltbenadering te beskryf ten einde ‘n teoretiese oorsig daarvan te verkry (hoofstuk 2).

- Om literatuur oor die laerskoolkind en onsedelike aanranding te bestudeer ten einde begrip vir die kind wat in die hof moet getuig te ontwikkel (hoofstuk 3).

- Om hofvoorbereiding te beskryf deur ‘n oorsig te gee van bestaande literatuur (hoofstuk 4)

- Om fokusgroepe te hou en semi-gestruktureerde onderhoude met kenners op die gebied van hofvoorbereiding en die Gestaltbenadering te voer (hoofstuk 5)

- Om ‘n hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering daar te stel ten einde die kind op die kriminele verhoor voor te berei (Bylaag C).

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van hierdie program in die praktyk (hoofstuk 6).

In die uitvoering van die studie het die navorser ‘n teoretiese oorsig van die sentrale uitgangspunte en konsepte van die Gestaltbenadering gegee. Die literatuur ten opsigte van die kind en hofvoorbereiding is verken. Semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe is gehou met kenners op die gebied van hofvoorbereiding en die Gestaltbenadering. ’n Hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering is daargestel ten einde die kind voor te berei op die kriminele verhoor. Die behoeftes van die kind is in ag geneem alvorens die tegnieke, hulpmiddels en kennis toegepas is om die kind voor te berei om deel te neem aan die kriminele verhoor.

Die hofvoorbereidingsprogram kan sowel individueel as in groepe aangebied word. Aanbevelings is gemaak rondom die persoon wat die program kan aanbied, die struktuur van die hofvoorbereidingsprogram, die tyd en die duur daarvan en watter rol die gesinsbenadering in die program gaan speel. Voorstelle is gemaak ten opsigte van die eerste onderhoud en kontraksluiting met die ouer en kind ten einde die bywoning van die hofvoorbereidingsprogram aan te moedig.

### 6.2.3 Die navorsingsontwerp en prosedures

Die volgende navorsingsvraag het hierdie studie gerig: Watter beginsels en mediums vanuit die Gestaltbenadering kan benut word in ‘n hofvoorbereidingsprogram vir die laerskoolkind wat onsedelik aangerand is ten einde meer geloofwaardig aan die kriminele verhoor deel te neem?

Die navorser het intervensienavorsing, spesifiek die D&D-model, as navorsingstrategie in hierdie studie gebruik. Die D&D-model bestaan uit ses fases waarvan die eerste drie fases en die eerste stap van die vierde fase benut is. Hiervolgens het die navorser ‘n probleemanalise en projekbeplanning opgestel, inligting omtrent die probleem bekom, vasgestel hoe die verskillende aspekte van die probleem in die bestaande literatuur hanteer word, ‘n hofvoorbereidingsprogram ontwerp en ‘n prototipe daargestel.

Om bogenoemde doelstelling en doelwitte te bereik het die navorser gebruik gemaak van die kwalitatiewe benadering tot navorsing.  Hierdie benadering is geïnteresseerd in die begrip, die oortuigings en die waardes van die deelnemers.  Andersyds is toegepaste navorsing, wat verkennend en beskrywend van aard is, benut.

Deur semi-gestruktureerde onderhoude te voer en fokusgroepe te hou met maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en ‘n vrywilliger is ‘n prototipe hofvoorbereidingsprogram vir die kind wat onsedelik aangerand is daargestel.  Die program is ontwikkel binne die raamwerk van die Gestaltbenadering en word volledig in Bylaag C bespreek.  Die navorsingsresultate is in hoofstuk 5 bespreek.

## 6.3 GEVOLGTREKKINGS

Die belangrikste gevolgrekkings van hierdie studie kan soos volg saamgevat word.

(i) Die Gestaltbenadering stel die kind in staat om op ‘n verbale en nie-verbale wyse uitdrukking aan sy gevoelens te gee, sy probleme op ‘n simboliese wyse uit te speel en sodoende sy gevoelens meer effektief te kanaliseer.

(ii) Die Gestaltbenadering stel die kind in staat om sowel ‘n vertrouensverhouding met ‘n ander persoon aan te knoop as om optimaal geleentheid tot groei en ontwikkeling te benut.

(iii) Die Gestaltbenadering kan in die program aangewend word indien die gepaste aktiwiteite en mediums soos bibliografie, tekeninge, fantasie, collage, poppe, sandspel, die leëstoeltegniek, onvoltooide sinne en werkaktiwiteite benut word met die doel om die kindergetuie te ondersteun in die ontwikkeling van bepaalde vaardighede, en hom sodoende te bemagtig vir effektiewe deelname aan die hofverrigtinge.  Die betrokke vaardighede is die volgende:

- bemeestering van moeilike insidente en gebeure,
- fisiese uitdrukking van gevoelens,
- verbalisering van gevoelens,
- ontwikkeling van vaardighede om probleme op te los en keuses uit te oefen,
- ontwikkeling van maatskaplike vaardighede,

- versterking van selfbegrip en selfbeeld, en
- verhoging van kommunikasievaardighede.

(iv) Die kind se behoeftes rondom die hofvoorbereidingsprogram moet vasgestel word ten einde hom te bemagtig om verantwoordelikheid vir homself en sy keuses te neem.

(v) Die gesinsbenadering kan positief benut word indien die terapeut die gesin kan help om die uitgangspunte van die regstelsel te begryp en hulle sodoende kan motiveer om die kind by te staan in die hofsaak.

(vi) Maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en vrywilligers moet opleiding ontvang in die Gestaltbenadering om die kind holisties te benader.

(vii) Die hofuitspraak, hetsy skuldig of onskuldig, moet met die kind en sy versorger bespreek word met die oog op voltooiing van die insident en die gevolge daarvan.

(viii) Die ideale plek, tyd en duur van hofvoorbereiding hang af van die kind se proses asook van waar hy veilig en gemaklik voel om voor berei te word op die kriminele verhoor.

(ix) ‘n Geïntegreerde benadering is noodsaaklik om vas te stel of die kind in ‘n Strafhof of Spesiale hof moet getuig. Die Kriminele Wet (Wet 135 van 1991) van die Prosedure Wet, 1997 maak voorsiening vir ‘n tussenganger in gevalle waar die kind te gespanne is om in die teenwoordigheid van die beskuldigde te getuig. So ‘n tussenganger word deur die hof aangestel. Die tussenganger en die kind is in ‘n ander vertrek as die hofsaal waar die beskuldigde en hofbeamptes is. Dit sal tot gevolg hê dat die kind se hofvoorbereiding net tot die Spesiale hof of net tot die Strafhof beperk word.

## 6.4 AANBEVELINGS

Verskeie aanbevelings kan gemaak word op grond van die bevindings en gevolgtrekkings van die studie. Dié aanbevelings word hieronder gestel.

(i) ‘n Hofvoorbereidingsprogram vir die kind wat onsedelik aangerand is, moet verkieslik aangebied word deur ‘n voorstander van die Gestaltbenadering.

(ii) Die aanbieding van die program kan individueel of in ‘n groep benut word.

(iii) Die gereeldheid van die program se aanbieding moet gebaseer word op die kind se behoeftes.

(iv) Tydens hofvoorbereiding moet die kind se ontwikkeling, taalvaardigheid en kort aandagspan in aanmerking geneem word om vas te stel of hy instaat is om in die hof te getuig.

(v) Die ouer en kind moet ‘n kontrak sluit om die hofvoorbereidingsprogram te voltooi alvorens die kind kan deelneem aan die kriminele verhoor.

(vi) Die kind se deelname aan die kriminele verhoor moet uitgestel word totdat hy emosioneel in staat is om deel te neem.

## 6.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ‘n bondige samevatting gebied van die studie. Die navorsingsontwerp en –prosedures is weergegee, en gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak. In hierdie studie is die Gestaltbenadering gestel as ‘n vereiste vir ‘n hofvoorbereidingsprogram vir die laerskoolkind wat onsedelik aangerand is, ‘n vereiste wat dit onderskei van ander hofvoorbereidingsprogramme.